

Die Dans SG-vraestel was in die algemeen teleurstellend. Behalwe vir 'n paar sentrums, het leerders nie goed geskryf nie en het dit voorgekom asof hulle die minimum kennis het van die sillabus en die sillabus ook nie verstaan nie.

### **Afdeling A: Dansgeskiedenis**

Die eerste vraag wat van die leerders verwag het om 'n program te ontwerp vir 'n dansvertoning, was 'n uitdaging vir leerders wat gemakliker is met die weergee van 'n lys van inligting. Met baie min uitsonderings was daar 'n merkbare onvermoë om hul kennis toe te pas in 'n oorspronklike konteks. Sommige het nie verstaan dat 5 punte toegeken word vir die uitleg van die program nie en het in plaas daarvan 'n inleidende toespraak geskryf.

Sommige leerders het oor fiktiewe danswerke wat hulle opgemaak het geskryf in plaas van oor die voorgeskrewe danswerke. Ander het oor danswerke geskryf wat hulle gesien het, al was dit nie op die voorgeskrewe lys nie. Indien hulle oor regte werke geskryf het wat hulle gesien het, is hulle gemerk asof dit voorgeskryf was, maar leerders moet ingelig word dat hulle in die toekoms moet bly by die voorgeskrewe werke.

Leerders moet nie verwys na choreografe op hul voornaam nie, bv. Martha i.p.v. Martha Graham of net Graham.

Die antwoord in afdeling A het duidelik uitgewys dat die geletterdheidsvlak en begrip van die leerders drasties verskil van leerder tot leerder en van skool tot skool.

Vraag 2 wat 'n reguit vraag was en waarvan geen interpretasie verwag was nie, het 'n tekort aan blootstelling en/of begrip van die vakinhoud gewys.

Baie leerders het nie 'n gevoel van hoeveel hulle moet skryf by 'n kwaliteit antwoord nie.

Baie kandidate het vreeslik min geskryf. Leerders moet oefen om kort en kragtig te kan antwoord. In die meeste gevalle het leerders nie eintlik die vraag beantwoord nie, maar net geskryf oor dit wat hulle weet van die onderwerp.

Leerders moet aangemoedig word om verder te gaan as slegs wat die onderwysers verskaf en hul moet 'n groot reeks bronne raadpleeg.

Leerders moet 'n opskrif gee vir artikels en opstelle en sê oor watter danswerk hulle skryf.

### **Afdeling B: Teorie**

Waar sommige leerders heel gevoelvol verduidelik het oor die positiewe invloed wat dansopleiding op hullewens gehad het, was sommige onbevoeg om te reflekteer oor die sosiale belangrikheid van hul dansopleiding.

Hierdie vrae is dikwels oppervlakkig beantwoord. Kandidate het meestal insigloos en min geskryf. Onderwysers moet meer geleentheid gee vir opstelle en debatte oor filosofiese en teoretiese kwessies of onderwerpe. Leerders moet hul opinies staaf.

Die terminologie-vraag het 'n tekort aan woordeskat uitgewys wat dit moeilik vir hulle gemaak het om die dansterme te verduidelik.

### **Afdeling C: Musiek**

Selfs hier het 'n tekort aan woordeskat dit vir die leerders moeilik gemaak om te reageer op die musiekterme.

Hierdie afdeling was nie baie uitdagend vanaf 'n kognitiewe oogpunt nie en het die onderrig en aanwending van musiek vir danskennis verlang. Dit het gelyk asof sommige leerders glad nie gefokus het op hierdie afdeling nie, terwyl ander heel goed gedoen het. 'n Paar leerders het die musieknote se steeltjies aan die verkeerde kant aangebring.

### **Afdeling D : Anatomie en Gesondheidsorg**

Leerders het dikwels nie tyd spandeer om die vrae sorgvuldig deur te lees nie.

Leerders moet anatomiese-taal gebruik om die vrae oor beweging, of aksies van spiere en gewigte te beantwoord.

In die Gesondheidsorg-afdeling, moet leerders in meer diepte skryf. Baie antwoorde was minimaal en oppervlakkig bv. wanneer daar oor fiksheid-komponente geskryf is, bv. uithouvermoë, uitputting ens. moet leerders in staat wees om duidelik te verduidelik wat dit is en hoe om dit toe te pas in hulle dansopleiding

Daar was taamlik verwarring oor gewigte.

### **Algemeen**

Leerdere moet ingelig word om die instruksies aan die begin van die vraestel te lees.

Opvoeders moet gereeld hulle kennis en onderwysmetodieke opgradeer en leiding vra oor pedagogiese vaardighede.

Opvoeders moet hulle leerdere leer hoe om die vrae deeglik te lees en om duidelik met diepte en insig te antwoord. Die punttoekenning is nie noodwendig 'n aanduiding dat die minimum voldoende is nie.

Dit word aanbeveel dat leerdere in Afrikaans skryf indien dit hulle moedertaal is.